




TOM NEWBY SCHOOL
TERM 2 CONTROLLED TEST

Vak	AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL	Eksaminator	MEV. L. BRITS
Datum	JUNIE 2024	Totaal	40 PUNTE
Graad	5	Tyd	1 UUR
		Moderator	MEV. X. STRYDOM
Spesiale instruksies/toerusting		Instruksies	
		• Lees jou vrae goed deur. • Antwoord al die vrae. • Skryf netjies en leesbaar. • Geen woordeboeke.	
This exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School Book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.			

Naam:	Van:	Klas:
--------------	-------------	--------------

Hierdie vraestel bestaan uit **4 vrae and 11 bladsye**:

- | | |
|--|-------------|
| Vraag 1: Literêre / nie-literêre teks | (15) |
| Vraag 2: Visuele teks | (10) |
| Vraag 3: Opsomming | (5) |
| Vraag 4: Taalstrukture en konvensies | (10) |



VRAAG 1: LEESBEGRIP

1. Lees die drama “Kan ek help?” en beantwoord die vrae wat volg.
2. Beantwoord al die vrae in volsinne tensy anders aangedui.
3. Neem kennis van die puntetoekenning per vraag.
4. Lees jou vrae noukeurig deur en skryf jou antwoorde netjies neer.
5. Onthou: GEEN ENGELS.

Kan ek help?



- 1 *Een karakter (’n seun) sit op die verhoog. Hy maak iets uit modder, hy steek sy hande in ’n emmer, moue opgetrek tot by die elmboë.
’n Dogter stap in, mooi aangetrek, netjies.*

- 2 “Sies! Wat maak jy?”, vra Veronica. *(Sy kom nader gestap.)
(Sy trek haar neus op. Angelo sit voor ’n emmer modder.)
“Ek maak klei renosters”, sê Angelo opgewonde.
“Oe, maar dis ’n gemors!” sê Veronica, sy hou nie daarvan om vuil te wees nie.
“Water en seep sal die modder weer afwas”, antwoord Angelo.*

- 3 *(Veronica kom stadig nader en hurk by Angelo. Sy maak seker die modder is nie te naby nie, sy wil nie vol modder word nie. Llangs Angelo staan ’n ry renosters in die son en droog word. Veronica vat aan een van die droë klei renosters. Die horing druk in haar vingerpunt).’
“Los!”, roep Angelo. “Jy is nou net soos een van die renosterstropers wat renosters se horings afsny.” (Veronica spring op.)*

- 4 “Ek het net gekyk”, sê Veronica vies. “Ek weet, maar ek sal hulle nie kan verkoop as hulle nie horings het nie”, antwoord Angelo.
“Hoekom verkoop jy hulle?”, vra Veronica.
“Ek samel geld in om die renosters te red. Daar is net 5 055 renosters in Suid-Afrika oor!”

- 5 *(Veronica frons en vryf oor haar voorkop.)* “Sjoe, dis min”, sê sy.
(Angelo glimlag breed, staan op en sit sy hande op sy heupe) hy sê trots, “Maar as ons almal ons deel doen, al is dit min, kán ons ’n verskil maak. Ek verkoop die renosters en gaan die geld aan die Red die Renoster Vereniging skenk.”
(Veronica se mond hang oop.)
- 6 *(Sy trek haar moue op en vra braaf.)* “Sal jy my asseblief wys hoe om ’n renoster te maak?”

Uit: Geskryf deur Fanie Viljoen, aangepas deur Mev. Brits

Woordtelling: 249

Vrae:

- 1.1 Hoekom verkoop Angelo die renosters? (1)

- 1.2 Hoeveel renosters is daar in Suid-Afrika oor? (1)

- 1.3 Die volgende sin is ONWAAR. Herskryf die sin om dit WAAR te maak. (1)
 Angelo gaan die geld wat hy insamel aan die Red die Honde Vereniging skenk.

- 1.4 Die volgende sinne is geskommel. Herskryf hulle in die korrekte volgorde. (1)

Hy verduidelik dat daar net 5 055 renosters oor is. Veronica help hom. Angelo maak renosters uit modder, om geld in te samel.

1.5 Onderstreep die korrekte antwoord: (1)
'n Mens sal 'n renoster in 'n winkelsentrum / wildtuin / skool kry.

1.6 Wat, volgens Angelo, sal die modder weer afwas? (Paragraaf 2) (1)

1.7 In paragraaf 6 trek Veronica haar moue op. Waarom doen sy dit? (1)

1.8 Wat doen renosterstropers met die renosters? (Paragraaf 3) Waarom doen hulle dit? (2)

1.9 Onderstreep die korrekte antwoord: (1)

As ons almal ons deel doen watter verskil kan ons maak?

A) Daar sal niks renosters oor wees nie.

B) Die getalle sal dieselfde bly.

C) Die renosters sal meer word.

1.10 Angelo word kwaad as Veronica aan die horing van een van die renosters vat. (1)

Hoekom, dink jy word hy kwaad?

Hy dink Veronica gaan die horing _____.

1.11 Omkring die regte antwoord: (1)

Die leesstuk sê daar is net 5 055 renosters oor. Hoe laat dit jou voel?

Opgewonde / Gelukkig / Lekker / Moedeloos

1.12 Die titel van die teks is: Kan ek help? (1)

Hoe dink jy, kan jy help om die renosters te red?

- 1.13 Onderstreep die VERKEERDE antwoord: (1)
 Die hoofgedagte in die teks is:
 A) Moenie renosters doodmaak nie.
 B) Help om die renosters te red.
 C) Ons kan niks doen om te help nie.
- 1.14 “Veronica se mond hang oop.” (Paragraaf 5) (1)
 A) Die stelling beteken:
 Veronica is hartseer / verbaas
 B) Ons noem dit: Lyftaal / Koptaal

VRAAG 1: 15 PUNTE

VRAAG 2: VISUELE GELETTERDHEID

Red die renoster!

Kom neem deel aan ons prettag en help ons om geld in te samel om die renosters te red.

Wat: Toutrek, sakresies, eiergooi, lepelresies en nog baie baie meer!

Wanneer: Saterdag, 29 Februarie 2024

Waar: Laerskool Sonskyn

Hoe: Registreer aanlyn by: www.reddierenosterbylaerskoolsonskyn.co.za

Hoeveel: Dit is slegs R20 per speletjie per persoon.



Vrae:

2.1 Onderstreep die **korrekte** antwoord (1)

Hierdie is 'n voorbeeld van 'n:

A) pamflet

B) e-pos

2.2 Wat word geadverteer? (1)

2.3 Om deel te neem moet jy registreer. Wat is die webtuiste? (1)

2.4 Noem een speletjie wat by die pretdag gaan plaasvind. (1)

2.5 Omkring die regte antwoord: (1)

Die renoster in die foto loop op 'n tou.

Dit beteken:

A) Renosters is in gevaar en kan enige oomblik uitsterf.

B) Renosters doen graag toertjies in die sirkus.

C) Dit is wat Renosters in die natuur doen.

2.6 Hoekom is **Red die Renoster!** so groot geskryf? (1)

2.7 Kyk na die foto van die renoster op die tou. Wat dink jy sal gebeur as die renoster sy balans verloor? Hoe sal dit jou laat voel? (2)

2.8 Die pamflet adverteer 'n pretdag om geld in te samel vir die Renosters. Dink jy dit is 'n goeie idee? Wat anders kan ons doen om geld in te samel? (2)

VRAAG 2: 10 PUNTE

VRAAG 3: OPSOMMING

Lees die leesstuk, **Kan ek help?** Vul die ontbrekende gedeeltes van die opsomming in.

3.1 Angelo maak iets uit _____. (1)

3.2 Veronica sien Angelo maak _____. (1)
Sy vra waarom hy dit maak.

3.3 Angelo sê hy samel _____ in vir die Red die Renoster Vereniging. (1)

3.4 Angelo sê daar is net _____ (1)

Veronica is verbaas oor die werk wat Angelo doen.

3.5 Veronica besluit om _____ (1)

VRAAG 3: 5 PUNTE

VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

Gebruik die leesstuk: Kan ek help?

Beantwoord die volgende taalvrae. Spelling tel. Geen Engels.

4.1 Herskryf die volgende sin met die korrekte **punktuasie**. (1)

baie dankie dat jy my help veronica sê angelo

4.2 Skryf die volgende woorde in **alfabetiese volgorde**. (1)

sy, vuil, soos, vol, sies

- 4.3 Maak die **spelfout** reg. (1)
'n Renoster is baie swaar, hulle weeg meer as 1 000 kielogram.
-
- 4.4 Die renosters behoort aan ons almal in Suid-Afrika, hulle is ons s'n. (1)
Die onderstreepte gedeelte is 'n voorbeeld van 'n:
Voornaamwoord of **Werkwoord**
-
- 4.5 Waar of onwaar: (1)
Veronica is 'n voorbeeld van 'n **selfstandige naamwoord**.
-
- 4.6 Omkring die **byvoeglike naamwoord** in die sin: (1)
Veronica druk haar hande in die sagte modder.
- 4.7 Gee 'n **sinoniem**, uit paragraaf 5, vir: (1)
bietjie - _____
- 4.8 Onderstreep die **lidwoord** in die sin: (1)
Die renoster is baie mooi.
- 4.9 Kies die korrekte **voornaamwoord** uit die blokkie: (1)
- | | | | |
|----|----|-------|-------|
| in | op | onder | langs |
|----|----|-------|-------|
- Die renosters staan _____ mekaar in die son.
- 4.10 Gee 'n **antoniem**, uit paragraaf twee, vir: (1)
Skoon - _____

VRAAG 4: 10 PUNTE

GROOTTOTAAL: 40 PUNTE

**GRAAD 5 AFRIKAANS ADDISIONEEL
KWARTAAL 2 JUNIE ASSESSERING
PRESTASIE EVALUERING
(VIR ONDERWYSER GEBRUIK ALLEENLIK)**

Naam en Van: _____ Graad 5: _____

	Vraag 1	Vraag 2	Vraag 3	Vraag 4
	Begripstoets	Visuele teks	Opsomming	Taal
Moontlike punt	15	10	5	10
Leerder punt				